Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Die Oordeelsdag

1. Ek praat nou met die hele mensdom, met alle mense: julle moet ‘n heilige ontsag en respek hê vir julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Wees verseker daarvan dat die aardbewing wat sal plaasvind tydens die bestemde Uur van die Oordeelsdag iets verskriklik is. (K99:1 & K69:14 & K56:4)

2. Die dag wanneer julle dit sal sien, sal elke vrou wat nog ‘n babatjie het wat aan haar drink, van daardie babatjie vergeet, en elke swanger vrou sal net daar ‘n miskraam hê, en die mense sal, alhoewel hulle nugter is, vir julle lyk asof hulle dronk is, omdat die straf van Allah so erg is.

Vers 3 verwys na ene Nadr wat beweer het dat die Koran ‘n storieboek vol fabels is, en die engele Allah se dogters asook die Oordeelsdag/Opstandingsdag ontken het

3. Onder die mense is daar diegene wat soos Nadr, sonder kennis oor Allah wil redeneer en wat Satan en elke opstandige Satansagent navolg,

4. oor wie dit reeds bepaal is, dat wie ookal met hom vriende maak, deur hom mislei sal word en na die straf van die Vuur gelei sal word.

5. Mense, as julle twyfel oor die Opstanding, onthou dan dat Ons die eerste mens, Adam, uit stof geskape het, en die mense na hom van ‘n druppeltjie semen*, waaruit eers ‘n bloedklontjie, en toe ‘n stukkie vlees ontwikkel het: eers vormloos en later met ‘n basies menslike vorm, sodat Ons daardeur Ons krag aan julle kon toon. En Ons onderhou in die baarmoeders, wat Ons ookal wil, vir ‘n vasgestelde tyd. Dan bring Ons julle uit as babas, en dan voed Ons julle sodat julle volwassenheid bereik. En onder julle is daar diegene wat sterf, en daar is ander wat deurgedra word tot by die slegste ouderdom: die tyd wanneer die mens van ouderdom seniel word. Nog ‘n bewys is die droë land wat julle self al gesien het. Die een oomblik is dit verdroog en dan, wanneer Ons dit laat reën, dan begin die aarde roer en uitswel en bring dit voort van elke soort plantegroei, te pragtig. (*K32:8)

6. Dit is omdat Allah die waarheid, die werklikheid, die realiteit is, en omdat Hy lewe gee aan die dode en omdat Hy magtig en daartoe instaat is, om alles en enigiets te doen,

7. en omdat die Uur waarin daar geen twyfel bestaan nie, gekom het en omdat Allah almal wat in hulle grafte is weer sal laat opstaan uit die dode.

Die mens se optrede vandag bepaal wat met hom tydens die Oordeelsdag gaan gebeur

8. En onder die mense is daar een wat oor Allah debatteer sonder kennis, sonder leiding en sonder openbaring wat aan hom die lig vanaf Allah gee,

9. en homself ewe trots en arrogant wip en wegdraai van die waarheid af* om ander mense te mislei weg van Allah se geopenbaarde waarheid af. Vir hom wag daar oneer en skaamte in hierdie wêreld, (K31:7)

10. en Ons sal hom die straf met die vuur laat ervaar, tydens die Oordeelsdag, en aan hom sê: “Dit is alles as gevolg van dit wat jy met jou eie optrede vooruitgestuur het, en omdat Allah nie onregverdig is teenoor Sy diensknegte nie.”

Is jy van harte ‘n Gelowige of kan jy nie besluit wat jy wil wees nie?

11. Maar onder die mense is daar ook diegene wat soos iemand in Medina is, wat Allah op die rand van onsekerheid dien en aanbid: solank as wat iets goed met hom gebeur, dan is hy tevrede om ‘n Moslem te wees, maar net sodra as wat ‘n beproewing na sy kant toe kom, dan draai hy sy gesig weg van die waarheid af en word hy weer ongelowig. So ‘n mens verloor beide die voordele van hierdie wêreld en die Hiernamaals. Dit is duidelik die grootste verlies denkbaar.

12. In plaas daarvan dat so ‘n persoon tot Allah bid, bid hy tot iemand anders wat hom nie enige leed kan aandoen of hom enigsins kan help nie. Dit is die fout wat hom te vêr van die regte weg af lei.

13. So iemand bid tot iemand wat hom veel eerder kan benadeel as bevoordeel. Boos is so ‘n beskermer en boos is so ‘n metgesel en vriend.

Die beloning vir geloof en goeie dade

14. Waarlik, Allah sal diegene wat glo en goeie dinge doen, opneem in tuine waaronderdeur riviere vloei. Allah doen verseker dit wat Hy beplan om te doen.

Diegene wat Islam belemmer en die Profeet sy roeping misgun

15. Indien die vyande van Islam wat dit probeer belemmer en wil hê dat Allah die Profeet moet verwerp dink, dat Allah nie sal aanhou om die Profeet Mohammed in hierdie wêreld en in die Hiernamaals te help nie, moet hy met ‘n tou opklim in die hemelruim in en Allah se kommunikasie met Mohammed afsny, en dan sien of sy poging regtig dit wat hom irriteer, kan verwyder.

16. Dit is hoe Ons die Koran geopenbaar het as ‘n duidelike boodskap en bewyse, en dit is ‘n feit, dat Allah op die regte weg lei wie Hy wil.

Allah sal met die Oordeelsdag uitklaar wie reg geglo het

17. Dit is verseker so dat Allah met die Oordeelsdag sal oordeel tussen die Gelowiges en die Ongelowiges van die verskillende godsdienste: die Jode, die Sabiërs, die Christene, die Magiërs en diegene wat vennote aan Allah toeskryf. Sowaar, Allah is getuie van alles.

18. Het jy nie opgemerk dat voor Allah neerkniel alles wat in die hemele is en op die aarde is, nie: die son, die maan, die sterre, die berge, die bome, die diere en baie van die mense? En daar is baie wat hulleself reeds strafbaar gemaak het. Wanneer Allah iemand in onguns laat verval het en in die verleentheid gebring het, is daar niemand wat aan so iemand respek kan betoon nie. Waarlik, Allah maak soos Hy wil.

19. Hierdie is twee opponente wat met mekaar verskil het oor hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Nou, vir diegene wat nie glo nie, vir hulle sal klere van vuur gemaak word, en kokende water sal oor hulle koppe uitgegooi word,

20. waardeur alles in hulle mae is, sowel as hulle velle, gesmelt sal word.

21. En vir hulle is daar hoeke, gemaak van ronde ysterstawe.

22. Wanneer hulle dan in hulle angs en pyn gaan probeer om uit die vuur uit te kom, sal hulle daarin teruggesit word en sal daar aan hulle gesê word: “Voel hoe voel die straf van die brandende vuur.”

23. Maar Allah gaan verseker diegene wat glo en goeie dinge doen opneem in tuine waaronderdeur riviere vloei. Hulle sal daar mooigemaak word met armbande van goud en met pêrels. En hulle klere daar sal van sy gemaak wees.

24. Hulle was in hierdie lewe gelei na die goeie woord van geloof: die Koran, en om mooi woorde te praat, woorde van lofprysing en aanbidding, net soos wat hulle in die Hiernamaals met goeie woorde begroet sal word* en hulle was gelei na die weg van die Lofwaardige. (*K13:23-24 & K14:23 & K25:75 & K56:25-26)

Die mense wat die Profeet en ander Pelgrimsgangers die Haram Moskee verbied het

25. Ons gaan verseker diegene straf wat nie glo nie en ook ander mense verhoed om by die weg van Allah, dit is Islam, en by die Haram Moskee* wat om die Kaaba gebou is, uit te kom, en wat Ons vir alle mense gemaak het, en waartoe inwoners en besoekers almal gelyk reg tot toegang het. En wie homself voorneem om van die regte weg af te wyk en verkeerde dinge te doen in die Haram Moskee, of dit nou ongeloof is of ontkenning van die enigheid van Allah of wat ook al, Ons sal hom die pynlike straf laat ervaar. (*K48:25)

Allah het vir Abraham gewys waar om Sy Huis te bou en dat die Pelgrimstog ‘n verpligting is

26. Moenie vergeet dat Ons vir Abraham die plek waar die Huis van Allah gebou moes word, uitgewys het met die woorde: “Moenie enigiets met My as vennoot assosieer nie, en hou My huis rein van enige afgodsaanbidding vir diegene wat om en om dit stap, asook vir diegene wat regop staan in Aanbidding en diegene wat hulleself neerbuig en diegene wat laag op die grond neerkniel.

27. En verkondig onder die mense hulle verpligting om die Pelgrimstog mee te maak, sodat hulle na jou toe sal kom te voet en op hul vermaarde kamele, uit alle rigtings en deur elke moontlike vêrafgeleë bergpas,

28. sodat hulle die voordele van die Pelgrimstog kan beleef en Allah se Naam kan resiteer, tydens die bepaalde dae, oor die lewensmiddele wat Hy aan hulle van die beeste gegee het met die opdrag: ‘Eet daarvan en voed diegene wat swaarkry en die armes.’

29. Daarna moet hulle, hulself was en hulle beloftes nakom en om en om die Antieke Huis stap.”

30. Dit is wat die mens moet onthou, en dat indien hy die heiligheid van Allah se simbole en dit wat Islam uniek maak erken en in stand hou, dit goed vir hom is by sy Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Julle mag van die diere soos die beeste eet, behalwe dit wat vir julle deur openbaring van verse geleer is, waarvan julle nie mag eet nie. So bly weg van die vuilheid van afgode en van leuens af,

31. …en bly standvastig in julle gehoorsaamheid aan Allah, terwyl julle geen vennote aan Hom toedig nie. Wie ookal ‘n vennoot aan Allah toedig, dit is vir so iemand asof hy uit die lug geval het nadat die poorte van die Hemel vir hom toe gebly het en ‘n voël hom weggeraap het, of asof die wind hom weggewaai het na ‘n verafgeleë plek.

32. Dit is wat ‘n mens moet onthou, en indien iemand die heiligheid van die simbole van Allah erken en dit in stand hou, dan is dit die bewys van die toewyding wat in die hart is.

33. Julle mag ook die voordele soos melk en vervoer wat diere bied, geniet, totdat julle daarmee vertrek om dit as offerdier te gaan slag: dan mag julle net in noodgevalle voordeel daaruit trek soos om op ‘n kameel te ry wat jy gaan slag. Die slagplek is dan by die Antieke Huis wat die hele gebied van die Haram Moskee behels.

34. Ons het ook vir elke Gemeenskap* voorgeskryf hoe hulle moet offer, sodat hulle die Naam van Allah oor die diere wat Ons aan hulle voorsien het sal uitspreek. So, julle God is Een God. Daarom moet julle aan Hom alleen onderdanig wees. En gee goeie nuus aan diegene wat hulleself in nederigheid tot Hom keer: (*K22:67)

35. …dit is diegene wie se harte gevul is met verwondering wanneer hulle Allah onthou met lofprysing en aanbidding, en wat geduld aan die dag lê wanneer wat ook al met hulle gebeur, en wie standvastig is in hulle Aanbidding en wat van dit wat Ons aan hulle gegee het, spandeer in diens van Allah.

36. Die groot diere wat julle offer soos die Kamele is van die simbole van Allah wat Ons vir julle gemaak het waarin daar baie goed is wat tot julle voordeel is. So, spreek die Naam van Allah oor hulle uit terwyl hulle bymekaargemaak word om geoffer te word. Dan, sodra hulle neergeval het nadat hulle geslag is, eet daarvan en voed die een wat tevrede is en die een wat graag daarvan wil hê. So het Ons dus die diere aan julle onderdanig gemaak, sodat julle dankbaar kan wees.

Die inherente doel met die gebruike wat tydens die Pelgrimstog uitgevoer word, is nie in die gebruike self nie, maar in die opregte toewyding en onderdanigheid van die Pelgrimganger aan die wil van Allah

37. En onthou, wanneer julle die diere offer, dan is dit nie die vleis of die bloed wat by Allah uitkom nie, maar julle heilige ontsag en respek vir Allah, die opregtheid van julle toewyding en onderdanigheid aan Sy wil. Daarom het Hy die diere aan julle onderdanig gemaak, sodat julle die eer en heerlikheid van Allah kan verkondig vir Sy leiding aan julle.

Die bedreiging deur die Mekkane teenoor Allah se beskerming

38. Waarlik, Allah verdedig diegene wat glo, so julle hoef nie bang te wees vir die Mekkane wat julle bedreig nie. Allah het nie enigiemand lief wat bedrieglik en ondankbaar is nie.

Toestemming vir selfverdediging as gevolg van die veiligheidsituasie in Mekka

39. Toestemming om hulself te verdedig en te veg word verleen aan diegene wat aangeval word, omdat hulle regte benadeel is, en omdat Allah magtig genoeg is om die oorwinning te gee.

40. Dit is hulle wat sonder rede uit hulle huise verdryf was, en al wat hulle gedoen het was om te sê: “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Allah”. En indien Allah nie sommige mense deur ander laat terugdryf en beheer het nie, dan sou die Kloosters, Kerke, Sinagoges en Moskees waar die Naam van Allah dikwels genoem word, vernietig gewees het deur die ongelowiges. Allah sal definitief diegene help wat Hom help. Waarlik Allah is Sterk en Magtig,

41. Dit is hulle, wanneer Ons aan hulle mag gee in die land, wat die Aanbidding instel, die Armebelasting betaal, die goeie beveel en die slegte verbied. By Allah berus die uiteinde van alle sake.

42. Mohammed, en indien die mense aan wie jy jou boodskap moet oordra jou belieg en belaster, Noag en Ad en Samoed is net so belieg en belaster deur hulle mense,

43. so ook Abraham en Lot,

44. en die mense van Midian het net so gemaak met hulle Boodskapper. Moses is net so belieg en belaster. So, Ek het vir ‘n rukkie uitstel verleen aan die ongelowiges, maar hulle toe vasgevat. Hoe was My straf toe?

45. Hoeveel stede waarvan die inwoners verkeerd opgetree het, het Ons nie vernietig nie! So, daar is hulle nou, die dakke van hulle huise ineengestort, en met menige verlate put en stewig geboude kasteel!

46. Het hulle dan nie die aarde deurreis sodat hulle deur dit wat hulle sien en hoor oor die geskiedenis van die mens en die lewenslesse wat hulle daaruit leer, verstandige harte sou ontwikkel of ore om mee te hoor en te luister nie? Die feit is dat dit nie die oë is wat blind word nie, maar wat blind word is die harte wat in hulle borskaste is.

Die ongelowiges is uitdagend en ongeduldig oor die straf waarteen hulle gewaarsku is terwyl by Allah tyd heel anders is: Allah weet die beste!

47. Dan vra hulle jou ook om die straf waaroor jy hulle gewaarsku het gouer te laat plaasvind*. Allah sal nooit teruggaan op Sy belofte nie. Om die waarheid te sê, een dag is vir Allah soos ‘n duisend jaar** vir die mens. (*K8:32 & K38:16) (**K70:4)

48. Hoeveel stede was daar nie aan wie Ek uitstel verleen het, al was hulle mense wat verkeerd gedoen het nie, en wat Ek dan vasgevat het nie. Na My toe, is die finale terugkeer.

49. Mohammed, sê vir hulle: “Mense, ek is niks meer as ‘n gewoner boodskapper wat julle moet waarskuwer nie.

50. Vir diegene wat my boodskap hoor en begin glo en goeie dade doen, vir hulle is daar vergifnis en ruimskoots voorsiening gemaak.

51. Maar vir diegene wat hoor en hulle beywer om Ons boodskap en bewyse in die wiele te ry, en wat probeer om die profeet en die gelowiges te laat misluk, hulle is die mense van die Vuur.”

52. Mohammed, Ons het geen boodskapper of profeet voor jou gestuur nie, of hy was gekonfronteer met ‘n situasie waar die Satan twyfel gesaai het oor dit wat hy aan die mense voorgehou het. So, dan maak Allah die werk van die Satan tot niks, en Hy versterk Sy boodskap en bewyse: en Allah is die Alwetende, die Alwyse

Maar hoekom laat Allah dit gebeur?

53. Dit alles word deur Allah toegelaat om te gebeur sodat Hy dit wat die Satan doen, as ‘n toets en beproewing kan maak vir diegene in wie se harte daar ‘n siekte is en wie se harte hard is, want waarlik dit is diegene wat verkeerd optree wat die uiterste teenkanting en weerstand openbaar,

54. en sodat diegene aan wie die kennis oorgedra is kan weet dat dit wat die profeet aan hulle oorgedra het, die waarheid vanaf hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, en dat hulle daarin kan glo en hulle harte nederig daarteenoor kan word. En Allah is die Een wat die gelowiges na die reguit weg lei, om binne Sy wil te lewe. (K14:4)

55. Diegene wat nie glo nie, sal vir ewig oor die Koran twyfel, totdat die Uur van Oordeel skielik en onverwags oor hulle kom, of totdat die straf op ‘n verlate dag hulle tref.

56. Op daardie dag behoort die Koninkryk aan Allah. Hy sal oordeel tussen hulle. Diegene wat geglo het en goeie dade gedoen het, sal in die tuine van geluksaligheid wees.

57. En wat betref diegene wat nie geglo het nie, en Ons boodskap en bewyse belieg en belaster het, hulle is diegene vir wie daar ‘n vernederende straf is.

58. Diegene wat hulle huise en mense verlaat het om betrokke te wees by die Stryd van Allah, en wat hulle lewens so verloor het of dood is, Allah sal hulle verseker goed versorg: waarlik Allah is die beste versorger van almal.

59. Hy sal aan hulle toegang verleen by ‘n ingang waarmee hulle baie tevrede sal wees, en Allah is sekerlik die Alwetend en Mees Verdraagsaam.

Selfverdediging en vergelding is geregverdig selfs met Allah se hulp, maar vergifnis en verdraagsaamheid is beter!*

60. Dit is so. Wie ookal iemand anders straf met ‘n straf soortgelyk aan dit waarmee hy deur daardie persoon gestraf was, en eersgenoemde steeds aan onreg onderwerp word, sal Allah hom sekerlik help. Allah is inderdaad die Meesverskonende, die Meesvergewende. (K42:40 & K2:237 & K42:43

61. Dit is omdat Allah die maak dat die nag die dag binnegaan en omdat Allah die maak dat die dag die nag binnegaan en omdat Allah Alhorend en Alsiende is.

62. Dit is omdat Allah die waarheid is en omdat wat hulle ookal naas Hom aanroep, vals is en omdat Allah die Allerhoogste, die Allergrootste is.

Die bewyse van Allah se bestaan en betrokkenheid by die mens

63. Het julle nie opgelet dat Allah dit laat reën het, waardeur die land groen geword het nie? Waarlik Allah is die Liefderykste Sielekenner en Albewus van alles.

64. Aan Hom behoort alles wat in die hemele en alles wat op die aarde is, en Allah is sowaar die Alomonafhanklike, die Altydgeprese.

65. Het julle nie opgelet dat Allah wat ook al op die aarde is aan julle onderwerp het nie, asook die skepe wat onder Sy bevel op die see seil, nie? En Hy weerhou die hemele daarvan om op die aarde te val, behalwe met Sy toestemming. Waarlik Allah is baie goed vir die mens, Baiegenadig.

66. Dit is Hy wat aan jou lewe gegee het, wat aan jou die dood bring, en weer aan jou die lewe sal gee. Waarlik, die mens is baie ondankbaar.

67. Mohammed, Ons het vir elke Godsdienstige Gemeenskap ‘n manier bepaal* waarop hulle moes aanbid. Daarom moet hulle nie met jou oor die aangeleentheid redetwis nie. Roep jy hulle net na jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer toe. Jy is voorwaar op die regte weg en volg korrekte leiding. (*K22:34)

68. As hulle met jou verskil, sê dan vir hulle: “Allah weet die beste wat julle doen.”

69. Allah sal op die Oordeelsdag tussen julle oordeel ten opsigte van dit waaroor julle verskil het.

70. Weet julle dan nie dat Allah van alles weet wat in hemelruim en op die aarde is nie? Waarlik, dit is alles in ‘n Boek by Allah aangeteken. En dit is inderdaad so maklik vir Allah.

71. En hulle aanbid naas Allah die dinge waarvoor Hy nooit toestemming gegee het nie, en waarvan hulle geen kennis dra nie. Vir die oortreders is daar geen helper nie.

72. En wanneer Ons boodskap aan hulle oorgedra word, so duidelik soos kan kom, dan kan mens die misnoeë duidelik op die gesigte van die ongelowiges herken. Dit kom voor asof hulle diegene wat Ons boodskap aan hulle oordra aanval. Mohammed sê vir hulle: “Sal ek dan nou vir julle iets vertel wat meer afstootlik is as dit? Die Vuur! Allah het dit beloof aan diegene wat nie glo nie. En dit is ‘n slegte einde.”

Die Afgodsaanbidders en hulle afgode is ewe swak!

73. Geagte luisteraars en lesers, hier volg nou ‘n gelykenis, ‘n verhaaltjie om vir julle die saak te verduidelik, so luister baie mooi: Al die dinge wat julle naas Allah aanroep kan nie soveel as ‘n vlieg skep nie, selfs al sou die dinge hande vat in ‘n poging om dit reg te kry. En as ‘n vlieg iets by hulle gryp, kan hulle dit nie weer by die vlieg afvat nie. Die wat dus die dinge aanroep en dit wat aangeroep word is dus ewe swak.

74. Hulle het Allah nie na waarde geag en as sulks erken nie.

75. Allah kies as boodskappers engele en mense. Waarlik Allah is Alhorend, Alsiende.

76. Hy weet wat voor hulle is en wat agter hulle is, en na Hom toe keer alle aangeleenthede terug, sodat Hy alles van almal af weet.

77. Gelowiges, buig julleself laag neer voor Allah en kniel laag neer met julle gesigte tot op die grond en aanbid julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer en doen die goeie, sodat julle sukses kan bereik.

Allah praat hier eerstens met die Koreisj maar ook met ons

78. Werp alles in die stryd en doen julle uiterste bes om Allah tevrede te stel en vir Sy Plesier, want julle is dit aan Hom verskuldig. Hy het julle uitgekies uit alle volke om hierdie boodskap te ontvang, uit te leef en oor te dra, en nie julle godsdiens, die godsdiens en geloof van julle vader Abraham, vir julle moeilik en onhoudbaar gemaak, en op julle afgedwing nie. Allah het julle as Onderdanige Mense, as Moslems geïdentifiseer beide voorheen* en in hierdie openbaring soos vervat in die Koran, sodat die Boodskapper vir julle ‘n getuie word en julle weer vir ander mense getuies word.

So maak die Aanbidding ‘n instelling en betaal die Armebelasting, en hou vas aan Allah deur slegs op Hom te vertrou. Hy is julle Beskermer en Helper: julle Voog, want Hy is ‘n uitstekende Voog en Beskermer, en ‘n uitstekende Helper. (*K2:128)

O my Allah, dankie dat U ook my Beskermer is, my Helper en my Voog.

En dankie dat U ook aan my die voorreg gegee het om die Boodskap oor te dra: die Boodskap wat U aan u diensknegte Abraham en so ook U dienskneg Mohammed toevertrou het.

Gee my net U insig en U krag en U leiding sodat ek ook op my manier U Boodskap kan oordra en ander kan aanmoedig om weer op hulle beurt U Boodskap oor te dra…

Amen